

Vrydag 17 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 2:6-12

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 2:10

Die Gees openbaar God aan ons

God is gees en onsigbaar. Ja, God die Seun het wel mens geword en onder ons gewoon. Vandag is Hy egter by die Vader – ons sien Hom en hoor Hom nie direk nie. Hoe sal ons dan weet wie God is? God is immers 'n Persoon wat met ons, deur Christus, in 'n persoonlike verhouding wil leef. 'n Verhouding wat God skep (Ef. 2:8).

Vir twee persone om in 'n verhouding te leef, moet hulle mekaar ken. Van hart uit ken en verstaan. Wedersydse verwagtinge moet begryp word. Hoe is dit moontlik om met God in so 'n persoonlike verhouding te leef? Veral omdat ons God nie direk sien en hoor nie.

Wel, die Heilige Gees skep hierdie wonderlike verhouding tussen ons en God. Hoe doen die Gees dit? Deur God se liefde vir ons aan ons bekend te maak, veral deur die Bybel (vs 9). So groot is die Vader se liefde vir ons dat Hy sy Seun as soenoffer gegee het.

Paulus noem dit God se *verborge waarheid en wysheid* (vs 7). Die Heilige Gees kan God se hart aan ons openbaar omdat Hy self God is en weet hoe God voel en dink (vs 10). Wie met die Heilige Gees vervul is, ken God deur die Gees. Daarom is ons ook oneindig lief vir ons hemelse Vader, in Christus, deur die Gees.

Sing: Skrifberyming 8-2:1, 2

Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)